

16 Oktober

Numeri 12

(Teks: 12:1-3)

Moses was 'n uiters sagmoedige man

Omdat Moses 'n "uiters sagmoedige man" was, swyg hy as Mirjam en Aäron teen hom in opstand kom. 'n Sagmoedige mens is iemand wat met selfbeheersing kan optree, wat sy kruis geduldig kan dra en wat homself nie wreek nie. Natuurlik sal baie mense Moses se optrede as lafhartigheid bestempel. Die helde van die twintigste eeu is mos dié mense wat hulle vuiste kan gebruik en met hulle monde kan skel. Maar Moses se optrede was geen lafhartigheid nie!

En as u miskien nog twyfel of Moses reg opgetree het, dink aan die *woorde* van die Here Jesus: "Leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart" (Matt 11:29). En dink aan sy *dade*: "Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie. toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel" (1 Petrus 1:23). En dan wek Petrus ons op om Jesus in sy voetspore te volg!

Maar nou moet u nie dink dat Moses 'n supermens was nie. Waar was sy sagmoedigheid toe hy 'n Egiptenaar doodgeslaan het? Juis daarom moes hy 40 jaar woestyn toe! En in hierdie tydperk is hy gelouter. Sy sagmoedigheid was nie die werk van sy hande nie. Dit was die triomfwerk van die *Heilige Gees!*

En daarom! As ons bloed kook, ons oë vlam en ons hart wraak koester - vlug na Jesus met belydenis van sonde. En laat ons bid dat die Gees ons sagmoedigheid sal leer.

Sing Skrifberyming 18:7 en 8

Dr. C J. Malan (Emeritus)